



Universiteit van Pretoria Jaarboek 2016

Sosiale en kulturele aspekte van kleding 311 (KLD 311)

Kwalifikasie	Voorgraads
Fakulteit	Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe
Modulekrediete	15.00
Programme	BVerbruikerswetenskap Kleding: Kleinhandelbestuur
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Verbruikerswetenskap
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Sosiaal-sielkundige en kulturele aspekte van kleding: Ontwikkeling van 'n raamwerk; die simboliese-interaksionisme as perspektief; die kognitiewe benadering. Ontwikkeling van die self: self en selfkonsep; die fisiese self as indikator: persoonlike waardes en norme. Voorkomsbestuur en aanbidding van die self: rolaanvaarding, identiteit, sosiale beheer en rolle in sosiale kognisie. Kulturele konteks en klere: weerspieëling van menslike aanpassing; kultuurskeppings (tegnies, moreel, seremoniële patrone); gemeenskappe en klere; skoonheidstandaarde en -ideale. Sosiale konteks, identiteit, verandering en klere; die gesin, politiek, godsdiens, ekonomie en die rol van klere as weerspieëling van die sosiale en persoonlike identiteite; mentefakte en identiteite; sosiale verandering en klere.

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die [Algemene Regulasies \(G Regulasies\)](#) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertrouwd met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die [Algemene Reëls](#) sal wees. Onkunde betreffende hierdie regulasies en reëls sal nie as 'n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.